

Hoofstuk van die dag: Psalm 59

> *Maar ék sal sing van u mag, elke môre sal ek jubel oor u trou, want U is vir my ’n veilige vesting, ’n skuilplek in tyd van nood. (vers 17)*

Psalm 59 onderstreep twee groot lewenswaarhede. Die eerste is

dat God se kinders dikwels uitgelewer is aan ’n vyandige wêreld waar God se almag nie erken word nie. Die tweede is dat God juis in sulke omstandighede vir sy kinders ’n veilige vesting is. Daarom roep die psalm ons op om by Hom te skuil wanneer die storms van die lewe om ons woed.

Wat my opgeval het in die psalm, is die kontras tussen Dawid en die mense wat sy lewe bedreig. Hulle grom soos honde (vers 7 en 15); die skuim staan om hulle bekke (vers 8); hulle dwaal rond agter prooi aan en tjank (vers 16). Daarteenoor vlug Dawid na God en vind by Hom rus. Hy sing van God se mag en jubel oor sy trou (vers 17).

Hiermee skets hy twee soorte mense: dié wat onvergenoegd is en vol haatlike gedagtes, en dié wat rus vind in God. Augustinus het dit mos al gesê: Die mens se hart bly onrustig totdat dit rus vind in God.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026